



## ***Die droogte en ons dorstigheid – dink nuut oor water***

Die groot droogte wat ons nou ook in die Wes-Kaap het, bied 'n ideale geleentheid om opnuut en nuut na te dink oor water. Miskien help ons nadenke oor water ons om ook nuut oor God te dink. Die droogte kan vier goed regkry:

- Ons bewus maak van ons absolute afhanklikheid van water – liggaamlik en geestelik.
- Ons leer om water met groter respek en waardering te hanteer.
- Ons leer dat ons saam as gemeenskappe in die nood is en beperkte water met mekaar moet deel en nie net vir onself opeis nie.
- Ons verlange (dors) na God verdiep en verhoog.

Praktiese voorstelle:

### **Persoonlik:**

- Kom in kontak met jou eie dors na water.

**Doen enige oefening wat jou laat sweet, totdat jy dors word.** Weerstaan die begeerte om dadelik iets te drink. Staan eers bietjie stil by jou dors en voel en beleef dit. Dink na oor die volgende woorde:

*Clean, safe drinking water is scarce. Today, nearly 1 billion people in the developing world don't have access to it. Yet, we take it for granted, we waste it, and we even pay too much to drink it from little plastic bottles.*

*Water is the foundation of life. And still today, all around the world, far too many people spend their entire day searching for it. (The Water Project)*

**Sê diep dankie vir die voorreg wat jy het om nou water te hê om te drink.** Terwyl jy drink om jou dors te les, dink jy aan die byna 1 biljoen mense op die aarde wat nie vrye toegang tot drinkbare water het nie.

- Wat in jou houding en verhouding met water sal moet verander?

Maak doelbewus 'n verbintenis tussen jou dors na water en jou dors na God en dank God daarvoor dat God ook in die drank wat jy nou gedrink het na jou toe kom om jou liggaamlik en geestelik te versorg. Dink aan jou doop en wat God toe deur water vir jou gesê het.

### **Gemeente:**

1. Reël 'n waterweek vir die gemeente. Gebruik al die byeenkomste om die gemeente te help om ingelig te wees oor die rol van water in die natuur (ook in die menslike lewe). Gebruik kundige mense uit die gemeente en gemeenskap om die lidmate in te lig. Laat die kinders prente teken oor hul verhouding met water.

Sluit die week af met 'n erediens waarin die lidmate

- vir God dankie sê vir water
- hul vermorsing van water bely
- en hulle doop vier met klem op die feit dat water God se boodskapper is.

(NB: A Rocha bied van tyd tot tyd eredienste aan by vleilande in die Skiereiland. Oorweeg om dit by te woon.)

2. Gebruik die kapasiteit van jul kerkgeboue se dakke om reënwater mee op te vang. Dit kan help om die kerk se tuin nat te maak en kan as bystand dien in die geval van 'n waterkrisis.

David Botha  
nms: Projekspan Ekologie  
[dpbotha@gmail.com](mailto:dpbotha@gmail.com)